DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · 60 · 1963 | 2023

# menlo-insig

22/2023

## LIEWE MENLO

In Pretoria word die koms van die lente met 'n vloed van geel-rooi Clivia aangekondig. Die eerste teken: 'n Roering in die natuur wanneer die wintersonstrale saad uit hibernasie streel. Dan bars die vulkaan om 'n vlaag van vurige blomprag te onthul.

Boslelie. Dit is maar 'n nederige naam vir hierdie skugter blom wat haar volle glorie net vlietend ontbloot. Tog is die krag waarmee sy haar uit haar wintermantel wikkel so indrukwekkend dat die herinneringe van Clivia-prag ons geheuebank vir 'n hele jaar vul.

Hierdie skouspel speel hom klokslag, in Augustus, in talle Suid-Afrikaanse tuine af. Trouens, die boslelie met haar vurige gloed is 'n Afrika-kind. Sy hoort hier. Wanneer jy haar in rotsskeure, teen berghange, in vleie en valleie gewaar, weet jy dat haar krag dieper as haar prag lê. Clivias is ook op Menlo-bodem te sien waar hulle mekaar in die beskerming van die koelte met kleur aansteek – 'n simbool van vasberadenheid en 'n nuwe begin.

Agter Clivias se delikate kleur – dit wissel van liggeel tot vlamrooi – skuil 'n hardkoppigheid, wat haar nie deur die ongenaakbaarheid van koue winters laat onderkry nie. Getrou aan haar karakter wag sy geduldig op haar beurt om die wintervaal te verdryf. Lente – 'n tapisserie van kleur; die skaam boslelie die eerste gewaarwording.

Dit is amptelik: Die winter is verby. Soggens sluit die son die hemel al hoe vroeër oop en saans wag die dae so 'n rukkie langer om voor die nag te wyk.

Insig 22 vertel die verhaal van afsluiting en 'n nuwe begin, van sukses wat slegs moontlik is wanneer 'n mens bereid is om geduldig te wag. Op Menlo-bodem word die koms van die lente met die Menlofees uitbasuin: Komaan Lente. Ons is gereed!

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.

**Johannes 10: 14**

"Ek is vir almal wat My volg soos die beste herder van wie hulle kan droom. Daar is 'n sterk verhouding tussen My en elke gelowige. Ons ken mekaar. Soos my Vader My ken en Ek Hom ken, so ken Ek en elke gelowige mekaar." (Die Boodskap)

## DAGBOEK

**1/9** Boomplantdag
**2/9** **Menlofees**
**5/9** Atletiek: Blizbyeenkoms (Noordheuwel)
**7/9** Swem: Lentegala





**2024-SKOOLKALENDER**

Die Hoërskool Menlopark – Sedert 1963


**OPENBARE VAKANSIEDAE 2024**

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 17 Junie | Openbare vakansiedag |
| 9 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

**SLEUTEL**

- Naweke
- Administrasiedae
- Skooldae
- Openbare vakansiedae
- Skoolvakansie

| KWARTAAL | DUUR | AANTAL WEKE | AANTAL DAE | OPENBARE VAKANSIEDAE | AANTAL SKOOLDAE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (15) 17 Januarie - 20 Maart | 10 | 46 (48) | 0 | 46 (48) |
| 2 | 3 April - 14 Junie | 11 | 53 | 1+0 | 52 |
| 3 | 9 Julie - 20 September | 11 | 54 | 1+0 | 53 |
| 4 | 1 Oktober - 11 (13) Desember | 11 | 52 (54) | 0 | 52 (54) |
| | Totaal | 43 | 205 (209) | 2+0 | 203 (207) |




# MENLOFEES

## Is julle feesgereed, Menlo?

Die Menlofees skop oor minder as 48 uur af. Die vere is reggeskud en die Menlo-bodem is absolut feesgereed! Neem asseblief van die volgende reëlings kennis:

1. Kaartjies is op die **iticket**s-**webwerf** beskikbaar. Aanlyn verkope sluit Vrydagaand om 21:30.
2. Kaartjies is Saterdag by die **Rosemary-hek** te koop. Onthou, Menlo is kontantloos: slegs kaarte asseblief.
3. Geen mallemeulekaartjies is Saterdag beskikbaar nie, **slegs toegangskaartjies**.
4. Onthou die **QR-kode** indien u u toegangskaartjie aanlyn gekoop het.
5. Stalletjies: Kontant en kaarte is welkom.
6. Onthou asseblief u **kampstoel**.
7. Geen kind of skolier sal in die biertent toegelaat word nie.
8. Laat asseblief u koelboks **tuis**.
9. Onthou sonskerm en warm klere: Ons kuier van vroeg tot laat!
10. Program:

    | | |
    |---|---|
    | 16:30 | Herwinningsrokkies |
    | 18:10 | Lisie |
    | 19:10 | Barto |
    | 20:10 | Kurt Darren |
    | 21:10 | EarlyB |



# Parkies ontmoet die brein agter die Rietrotte

Voorgeskrewe werk. *S.nw. Literêre werk wat deur alle leerders in 'n graad gelees moet word. Besit die vermoë om tyd te laat verdwyn: Tyd om die boek te lees is aan die begin van die kwartaal oorvloedig, maar verdwyn skielik in die weke wat 'n toets voorafgaan. Hierdie verskynsel noop leerders dikwels om hierdie tipe werk te spoedlees*, maar...

Op Menlo-bodem werk dit anders, want hier loop leerders skouer aan skouer met boekbreine. Me. Nerine Ahlers, skrywer van die graad 9's se voorgeskrewe werk, Die Rietrotte van Rietvallei Hoër, het die Rietrotte se geheime verlede week aan die leerders onthul. Dit gebeur nie aldag dat 'n mens die storie agter die storie uit die perd se bek hoor nie en die Insig vermoed dat die graadneges geen probleem sal ondervind om dié voorgeskrewe werk binne die voorgeskrewe tyd af te handel nie.

Me. Nerine Ahlers is welbekend vir haar tienerromans. Hierdie bekroonde skrywer het die Parkies se vrae en interpretasie van die Rietrotte terdeë geniet, terwyl die leerders met 'n paar wenke vir die skryf van verhale toegerus is.

Hierdie geleentheid het nie net waarde tot die lees en begrip van die roman toegevoeg nie, maar ook 'n geleentheid gebied om die skrywer, haar denkwyse en skryfproses beter te leer ken.

"As Rietrot moet jy jou plek ken" want "Hoërskool is beslis nie vir sissies nie."

Ons graad 9's is definitief bemagtig om die projek oor hierdie genotvolle voorgeskrewe werk met oorgawe te voltooi.

"Ek is 'n Rrrrietrot wat rrrol en rrraas. ... Ek is 'n Rietrot wat knou en knaag."



# LEIERSKAP

## Matriekraad gereed en gerat vir nuwe termyn

Met harte wat van entoesiasme oorloop, sakke vol planne en breë glimlagte het die nuwe Matriekraad verlede naweek na die Kwalata-avontuurkamp in Dinokeng vertrek om die 2024-termyn haarfyn te beplan.

Opleiding, beplanning en geesdrif is die sleutels tot sukses en na dese het die Matriekraad van 2024 die nodige gereedskap in hulle gereedskapskis om 'n sukses van hulle ampstermyn te maak. Baie dankie aan mnre. Hein Brits, Nico Erasmus, Harm van Helsdingen en Johan Grové en mee. Santa Maritz, Esmé Claassen en Hannaliza Fechter wat aan die stuur van opleidingsessies gestaan het.

Te oordeel aan die foto's is Menlo in entoesiastiese hande en die skool sien saam met die Matriekraad daarna uit om die planne wat tydens die kamp gemaak is, uit te voer. Voorspoed! Die skool staan agter julle.







# KOSHUIS

## '24-koshuisraad verkies

Die Menlo-koshuis staan nie verniet as die hart van die skool bekend nie. Dit is hier waar lewenslange herinneringe bymekaargemaak word en belangrike lewenslesse geleer word.

Die koshuisleerders sorg jaarliks vir allerlei Menlo-prestasies; van akademie tot sport én kultuur. Dit is daarom noodsaaklik dat die leerders so nou en dan met aktiwiteite soos pizza-aande bederf word. Die beplanning vir 2024 is gedoen en koshuisleerders kan een ding vir seker weet: Aan pret sal daar geen tekort wees nie! Baie geluk aan die Parkies wat die koshuisfamilie volgende jaar gaan lei en inspireer. Die skool sien saam met hulle na 'n opwindende jaar in die koshuis uit! Jou huis is waar jou hart is en ons harte is by Menlo!



Graad 8 Janke Breytenbach en Pieter Grobler
Graad 10 Margaret York en Leskin Samuels
Onderhoofdogter: Jodi dos Santos
Hoofdogter: Ashley Moreira

Graad 9 Mikyla Zastrau en Keenan Bam
Graad 11 Ivan Ramushu
Onderhoofseun: Lourens Grobler
Hoofseun: Ewald Meyer

# KOOR

## Afsluiting vir sommige; 'n nuwe begin vir ander

Na etlike jare op die koorbanke is die einde van die matrieks se koorloopbane verlede week met 'n afsluitingskonsert gevier. Die koor kon vir oulaas wys waarom hulle die titel van die beste gemengde koor in die land verdien, terwyl daar met swaar harte van die graad 12-steunpilare afskeid geneem is.

Die koor kan egter nie vir 'n oomblik stemloos gelaat word nie en daarom is die nuwe koorbestuur aangekondig om te verseker dat die koor die nuwe seisoen op dieselfde hoë noot begin as die een waarop hulle die 2023-seisoen afgesluit het.

Menlo-musiek wens die nuwe leiers geluk en sien saam met hulle na 'n harmonieuse 2024 uit.











| | | | |
|---|---|---|---|
| **Koorhoofdogter** | Lelize van der Walt | **Kooronderhoofdogter** | Mia de Jager |
| **Koorhoofseun** | Rudolph Jordaan | **Kooronderhoofseun** | Arno Klerck |

**Bestuurskomitee** Anje van Papendorp, Carli Dicks, Elrisha Ras, Lourens Grobler, Ruben van Biljon en Viljee Smit.

**Toekennings**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sopraan van die jaar | Luani Visser | Alt van die jaar | Ennés Zietsman |
| Tenoor van die jaar | Bernu Pieters | Bas van die jaar | Reicke Venter |
| Koorlid van die jaar (dogter) | Barbara du Toit | Koorlid van die jaar (seun) | Jubert Erwee en Dannhauser vd Merwe |

**Oudisies**

| | | |
|---|---|---|
| Graad 8 – 11 | 30/8 tot 6/9 | Leerders skryf hulle name by die musiekgebou op. |
| Graad 7 | 8/9 en 9/9 | Stuur asb. 'n e-pos na jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za. |

# GEES

## Menlo-matrieks: Marokkaanse avontuur om die draai!

Marokko is 'n kleurvolle land vol verrassings. Nes Menlo word dáár ook niks half gedoen nie: Marokkaanse cuisine is 'n hutspot van geur wat die sintuie eers verwar en daarna verlei, om van dié land se geografiese wonders nie eers te praat nie.

Die majestueuse Atlasgebergte staan in jukstaposisie met spierwitstrande en die goudbruin Sahara... Skoonheid wat die asem wegslaan. Spatsels kleur speel met jou oë, maar dit is die prag van die Blou en Rooi Stad wat die gedagtes na die Menlo-bodem herlei.

Die matrieks word tydens vanjaar se matriekafskeid op 'n reis na kamma-Marokko weggevoer waar hulle soos sjeiks getrakteer sal word.

Pragtige uitnodigings en 'n Menlo-Marokkaanse bederf is verlede week aan die matrieks uitgedeel om hulle na dié swierige geleentheid te nooi.

Baie dankie aan die graad 11-ouers wat die uitnodigings gemaak en uitgedeel het. Ons sien saam met die matrieks na 'n stylvolle en gesellige funksie uit.











# GHOLF

## Menlo-gholfdiepte beïndruk

Die gholfspelers het hulleself goed in die seisoen ingegrawe en hulle spel verbeter weekliks. Baie geluk aan die spanne en die afrigters met goeie uitslae.

**B-Afdeling**

| | |
|---|---|
| Menlo 5 vs. Zwartkop 4 | 53-54 |
| Menlo 7 vs. Zwartkop 2 | 44-54 |

**C-Afdeling**

| | |
|---|---|
| Menlo 9 vs. AHS 8 | 48-45 |
| Menlo 10 vs. AHS 7 | 37-60 |
| Menlo 11 vs. Waterkloof 5 | 27-43 |
| Menlo 11 vs. Wilgers 1 | 27-2 |

# TENNIS

## Absolut Menlo-toernooi vier sestien jaar


















Die Absolut Menlo-tennistoernooi kondig die koms van die lente vir die afgelope dekade op Menlo-bodem aan en 2023 was geen uitsondering nie. Menlo se eie toernooi, wat vanjaar 16 jaar oud is, is oudergewoonte by Groenkloof se bane aangebied.

In die verbyry, kon die toernooi by Groenkloof maklik met die aksie op Flushing Meadows verwar word: Talentvolle spelers met 'n magasyn vol troefkaarte het toeskouers na hulle asems laat snak terwyl tellings met skrefiesoë gevolg is. Gepraat van die toeskouers… Die graadelfs het hulle soos wafferse Wimbledon-koninklikes gedra, terwyl die talent van die fikse spelers bewonder is. Die verrigtinge is in Olimpiese styl geopen met Die Kruisbandrevolusie wat die eerste kishou geslaan het. Ontstoke afrigters van ander skole het die Insig intussen gekontak om dié stap in die toekoms te verbied. Volgens die afrigters het hulle spanne na die optrede gesukkel om op die spel te konsentreer en is die deuntjie van Wellerman heeldag geneurie.

Die puik organisasie en sang het egter die gewenste uitwerking op die Parkies gehad, want hulle het uistekend gevaar!

Baie geluk aan Menlo se dogters wat die sesde plek behaal het en die seuns wat na 'n titaniese eindstryd in die tweede plek geëindig het.

Menlo se afrigters, mnre. Hendrik Coertzen en Conré Bergsma, verdien 'n veer in die hoed vir hulle insette. Baie geluk aan Menlo se voorslagspelers wat deurgaans puik spel opgedis het en die besoekers met Menlo-gasvryheid verwelkom het. Die Insig rig 'n spesiale woord van dank aan mnr. Dennis Breetzke wat as toernooiskeidsregter opgetree het.

Me. Elné Coertzen en haar span verdien 'n pluimpie vir die puik reëlings. Die Insig sal nie verbaas wees as hierdie gedugte span gevra word om by die beplanning van die volgende Wimbledon-toernooi betrokke te raak nie.

### Menlo-spanne

Seuns: Jandré Viljoen, Val Ceronio, Liam Badenhorst, Joshua Smit & Stefan Jansen van Vuuren

Dogters: Megan Fourie, Karina Pont, Jeanri Richter, Simoné van Zyl & Kara Heyl

#MenloSpanwerk #MenloSukses

LANDLOOP

# Parkies maak landspoedrekord skrik





Noord van die Vaal is daar slegs 'n handjievol landloopatlete wat vinniger as die Parkies kan hardloop. Menlo se atlete het gewys dat verskeie landspoedrekords binnekort in die slag mag bly én dat hulle slaggereed vir die volgende landloopuitdaging is. Baie geluk aan die atlete en afrigters, mnr. JJ Smith en me. Lelanie v Wyk.

**Uitslae: Spankompetisie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Junior dogters | 1. H/s Vorentoe | 2. H/s Menlopark | 3. H/s Zwartkop | |
| Senior dogters | 1. H/s Zwartkop | 2. H/s Vorentoe | 3. TuksSport | 5. H/s Menlopark |
| Algeheel | 1. H/s Vorentoe | 2. H/s Zwartkop | 3. H/s Menlopark | |
| Junior seuns | 1. H/s Vorentoe | 2. H/s Zwartkop | 3. AHS | 4. H/s Menlopark |
| Senior seuns | 1. H/s Vorentoe | 2. TuksSport | 3. Curro Hazeldean | 6. H/s Menlopark |
| Algeheel | 1. H/s Vorentoe | 2. H/s Zwartkop | 3. Curro Hazeldean | 6. H/s Menlopark |

Rachel Schwulst, Clarabelle Haasbroek, Xander Myburgh en Reinhardt Nel het koning in die gemengde aflos gekraai, terwyl die volgende leerders top-25-uitslae behaal het:

Kaitlyn van Rooyen (3), Liné de Villiers (5), Bianca Stoltz (12), Michaela Marx (21), JM Maritz (13), Llewellyn van Heerden (16), Leon Stoltz (20), Mart-Marie Jordaan (7), Jackie Coertze (9), Liané Smit (21) en Johann Roelofse (7).









SPOG

# Parkies vlieg hoog

Die Insig spog vandeesweek met 'n prestasie-allegaartjie in die vorm van vlieg*kuns*, ruitersport en sommemaak.

Staan opsy, Maverick, want Heinz Zeuner is op pad. Hierdie avontuurlustige Menlo-matriek het sy privaat vlieglisensie onlangs geslaag. Buiten vliegopleiding, voltooi aspirantvlieëniers akademiese opleiding en word daar van hulle verwag om 'n radiolisensie te verwerf. Op die groot dag het Heinz daarin geslaag om sy nuutverworwe praktiese en teoretiese kennis te vervleg en sy eerste suksesvolle vlug van Springs na Potchefstroom en daarna na die Pilanesberg, Lanseria Internasionale Lughawe en terug na Springs, te onderneem.

Knap gedaan, Heinz. Die Insig sien daarna uit om hierdie onverskrokke Parkie in die volgende Top Gun-fliek te sien.

Jealise Goosen het op haar beurt die algehele tweede plek in die Spring-In Eisteddfod behaal. Sy het in die afdeling vir skone kunste (hoërskoolleerders) deelgeneem en die beoordelaars met haar kunstalent uitgeboul. Hartlik geluk, Jealise!

Paige Cronje gaan haar vernuf as ruiter binnekort by die nasionale kampioenskap in Parys ten toon stel waar sy aan Sanesa se Western Mounted Games sal deelneem. Dit is 'n reuseprestasie om by 'n nasionale kampioenskap in aksie te wees en die Insig wens vir Paige sterkte toe.

Erik Senekal is 'n Parkie wat sin uit somme maak en hom nie deur die afwesigheid van die immerontwykende *x* laat intimideer nie. Trouens, hoe moeiliker dit is om *x* op te spoor, hoe meer vasbeslote is Erik om die raaisel op te los.

Dit is waarskynlik die rede waarom Erik onlangs die tweede plek (nasionaal) en die eerste plek (provinsiaal) in Netwerk 24 se landswye wiskundekompetisie behaal het. Welgedaan, Erik!

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### Geografie
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**
Opleiding in Geografie as vakgebied en ervaring in die onderrig van Geografie is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS

**MENLO Akademie**

Stuur 'n volledige CV na hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za · AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Laboratorium-assistent (BL)

### Lewens- en Fisiese Wetenskappe

**Pligte**
Aankoop en bestuur van voorraad vir Lewens- en Fisiese Wetenskappe.
Beplanning en opstel van eksperimente.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS

**MENLO Akademie**

Stuur 'n volledige CV na hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za · AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### RTT / IT (Gr. 10-12)
### 4iR-verryking (Gr. 8-9)

**Vereistes**
Opleiding in RTT/IT as vakgebied en ervaring in die onderrig van RTT/IT is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS

**MENLO Akademie**

Stuur 'n volledige CV na hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za · AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### Toerisme / Lewensorientering
### Gr. 8 - 12

**Vereistes**
Opleiding in Toerisme/Lewensorientering as vakgebied en ervaring in die onderrig van Toerisme/Lewensorientering is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS

**MENLO Akademie**

Stuur 'n volledige CV na hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za · AbsolutMenlo


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 - 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 13:30 - 14:30
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN


SUPERSPAR
MENLO
RELAUNCH 2
31 August - 03 September 2023
SPEND R350 OR MORE TO STAND A CHANCE TO
WIN 1 OF 5
SPAR VOUCHERS
WORTH R2500 EACH &
MANY IN-STORE PRIZES
T's & C's Apply.
See in Store for details.
Address: Shop 1, Menlo Park Centre, 71 13th St, Menlo Park, Pretoria.
Trading Hours: Mon - Sun: 07:00 - 19:00 • Tel: 012 947 9367


JB
Makeup, Styling, Hair
GR10-11 DANCE
&
MATRIC
FAREWELL
BOOK NOW
HAIR &
MAKEUP
FOLLOW US ON
WHATSAPP
0823327094
TO SECURE
YOUR
BOOKING
TODAY!


Nail Stuff
NAIL STUDIO
FIBRE GLASS
ACRYLIC
RUBBER BASE
GEL
Bernadette
PROFESSIONAL NAIL TECHNICIAN
083 258 2733
1,3 KM FROM HOËRSKOOL MENLOPARK


MO' BELLÅ
IN NEED OF A
DRESS?
FASHION
RENTALS
WWW.MOBELLAFASHION.CO.ZA
SPECIAL
OCCASIONS
PRETORIA, GAUTENG, SOUTH AFRICA


MTN
BESTEL JOU
SPRINGBOK
TRUI VANDAG
R220 elk
Aflewering R50
Grootte S-3XL
Kontak gerus vir
Nicolene- 061 581 1926


NGUNI MOON
VLEISVERWERKING
Ek praat vlot SOSATIE
Beessosaties
Hoendersosaties
Boerewors
Gerookte
cheese grillers
Rumpsteak
Rumptail steak
EN BAIE MEER!!
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif
Kontak Piet!


NEXT TO
APARTMENT HOTEL
%
15% Discount for Hoërskool Menlopark Students & Parents
• Free Wifi
• Washing Machine
• Smart TVs
• On-site Cafe
• 24h Security
• Underground Parking
309 Lynnwood Rd, Menlo Park Pretoria
+27 072 750 9895
+27 087 898 3269
bookings@nextto.co.za
www.nextto.co.za


TOYOTA
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


HELP JOU KIND OM HEELBREIN SKERPHEID TE ONTWIKKEL WAT NODIG IS OM SUKSESVOLLE, GOED AANGEPASTE VOLWASSENES IN DIE 21STE EEU TE WEES MET NODIGE ENTREPENEURIESE EN ANDER VAARDIGHEDE.
AANDAG! GR. 9 LEERLING
IS JY ONSEKER OOR MOONTLIKE VAK KEUSE?
• BESPREEK 'N AANLYN NBI® BREINPROFIEL ASSESSERING @R400 WAT JOU UNIEKE "BEDRADING" BEPAAL EN WYS HOE JY VERKIES OM TE DINK,DOEN EN BEPLAN.
• VOLLEDIGE VERSLAG EN TERUGVOER INGESLUIT.
• DIE UITSLAG VAN DIE ASSESSERING KAN JOU LEI OM DIE REGTE VAKKEUSES TE MAAK.
• VIR MEER INLIGTING KONTAK
• HANLIE 064 891 6202
• WHATSAPP 081 449 5212
• EPOS HANLIEJMEIRING@GMAIL.COM


STUDENTE AANBOD
Ouderdomme 13-23
R999
insluitend 'n oogtoets, raam en die nuutste
blou blokkende lense
specsavers
HILLCREST | 012 362 3144


Scan QR Code
PRICE LIST
WEBSITE
follow us on:
Skin and Body Aesthetics
072 490 5395
334 Brooklyn Rd, Menlopark
(entrance in 10th Street)
1,3km from Hoërskool Menlopark


TOYOTA
MENLYN
Vitz special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply